MEERKATNUUS

Laerskool Laurus Revue:

Ons hou vanjaar weer ons jaarlikse Revue op 18 en 19 Junie 2018 by die Burgersentrum om 18:30. Plekbesprekings is **noodsaaklik** teen R60 per persoon. Besprekings word by die skool gedoen vanaf 10 April 2018.

Laurus ontvang Toekenning vir Taal en Wiskunde Sistemiese Toetse!

Hou Facebook en koerant vir meer inligting dop. (Sal laat weet watter uitgawe.

Wes-Kaap Jeugskoukampioenskappe

11 Laerskool Laurus leerders het vanaf 20 – 21 Maart aan die Wes-Kaap Jeugskoukampioenskappe te George gaan deelneem. Andri Raal (hoenders), Wildré van Zyl (hoenders), Tiffany Nortjé (kulinêre kuns), Dadrey-Ann Snell (kulinêre kuns), Anton Louw (kulinêre kuns) en Dirk-Harold Mostert (suiwelbereiding) is in die WP Jeugskouspan opgeneem om aan die SA Kampioenskappe in Oktober op George te gaan deelneem. Meer foto's kan gesien word op ons facebook blad.

o/13-Hokkie Sterre:

Op Maandag, 12 Maart 2018 het ons leerders deelgeneem aan die eerste rondte hokkieproewe. Die jaar het ons 18 spelers gehad wat deelgeneem het. Elke speler het sy/haar beste gegee. Daar was baie spelers en dus het dit die keurders se taak bemoeilik. Ons is baie trots om te kan sê dat daar 4 spelers is wat deurgedring het na die volgende rondte. Hulle is die volgende dogters: Aliana Stears, Michaela Fourie, Wilmé Stander. Asook een seun, Christiaan Van der Merwe. Baie geluk! Ons is baie trots op julle. Die volgende rondte vind plaas op Dinsdag, 27 Maart 2018 op Knysna. Baie sterkte en gee jou beste.

Kuns Graad 4 tot 6

Leerders het die kans gekry om driedimensionele voorwerpe uit klei te maak. Trots op die leerders se kreatiewe beeldjie ontwerpe. Meer foto's kan gesien word op ons facebook blad.

Natuurwetenskappe en tegnologie:

Die graad 5.2-klas het hulle goed van hulle taak gekwyt om hulle eie driedimensionele skelette te bou. Trots op die leerders se kreatiwiteit en harde werk. Meer foto's kan gesien word op ons facebook blad.

Kuns:

Laurus is vol talent met ons skildenaars. Leerders het pragtige portrette van hulself en 'n dier voorgelê. Meer foto's kan gesien word op ons facebook blad.

Kuns en kultuur piekniek:

So word die kwartaal se harde werk afgesluit met 'n piekniek by die Barnyard. Leerders geniet die bietjie ontspanning tussen die kwartaal se akademie.

Kickboxing:

Wian Grebe is opgeneem in die Eden kickboxing-span en het op 10 Maart aan SAKA Wes-Kaap Kampioenskappe te Hermanus deelgeneem en met ‘n dapper hart, goeie tegnieke, krag en selfbeheersing uitstekend gevaar. Wian het 2 goue medaljes verower wat van hom die Wes-Kaap kampioen maak in sy gewig klas – 42 kg. Wian gaan 27 – 29 April 2018 aan die SAKA kickboxing SA kampioenskappe in Pretoria deelneem. Baie, baie geluk Wian met die uitstekende prestasie. Ons is trots op jou

Meerkatnuus is ook elektronies beskikbaar op D6 en op ons webwerf(www.laerskoollaurus.co.za).

Meerkatnuus deur: Bernard Els